| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2025 |
| **VAK** | REKENINGKUNDE |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 14<br>(INSLUITEND ’N FORMULEBLAD EN ’N 13 BLADSYE ANTWOORDBOEK) |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord **ALLE** vrae.
2. ’n Spesiale **ANTWOORDBOEK** word voorsien waarin **ALLE** vrae beantwoord moet word.
3. **ALLE** bewerkings moet getoon word om deelpunte te verdien.
4. Jy mag ‘n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag ’n donker grys potlood of blou pen gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing, toon **ALLE** berekeninge tot **EEN** desimale punt.
7. Sou jy verkies om dit te doen, kan jy die Finansiële Aanwysersformuleblad wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is **NIE** verpligtend **NIE**.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ’n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om **NIE** daarvan af te wyk **NIE**.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Voorraadwaardasie | 45 | 35 |
| **2** | Debiteureversoening, ouderdomsontleding en BTW | 35 | 30 |
| **3** | Begrotings | 30 | 20 |
| **4** | Vervaardiging | 40 | 35 |
| **TOTAAL** | | **[150]** | **[120]** |

## VRAAG 1: VOORRAADWAARDASIE (45 punte; 35 minute)

### 1.1 KONSEPTE

Kies die konsep in **Kolom B** wat die beste by die beskrywing in **Kolom A** pas. Skryf slegs die letter langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Koste van verkope word by die verkoopspunt in hierdie stelsel bepaal. | A. | Geweegde gemiddelde metode |
| 1.1.2 | Die metode wat die totale koste van goedere beskikbaar vir verkoop deur die aantal eenhede deel. | B. | Uitgawe |
| 1.1.3 | Hierdie metode veronderstel dat voorraad in volgorde van aankoopdatum verkoop word. | C. | Deurlopende voorraadstelsel |
| 1.1.4 | Vervoer van goedere wat in die periodieke voorraadstelsel gekoop is, word as ’n ... aangeteken. | D. | Voorraadomsetsnelheid |
| 1.1.5 | Bereken hoeveel keer ’n maatskappy se voorraad oor ’n tydperk verkoop en vervang word. | E. | Eerste-in-eerste-uit |
| | | F. | Periodieke voorraadstelsel |

(5)

### 1.2 AMELIA BEDELIA (EDMS.) BPK.

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Amelia Bedelia (EDMS.) BPK. vir die jaar geëindig 31 Januarie 2025. Die besigheid dryf handel in baktoerusting en toebehore.

Die periodieke voorraadstelsel word gebruik.

Die staanklitsers word volgens die **spesifieke identifikasiemetode** gewaardeer en die handklitsers word volgens die **geweegde gemiddelde metode** gewaardeer.

**GEVRA:**

**Staanklitsers:**

**Verwys na inligting A.**

1.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 31 Januarie 2025. (5)

1.2.2 Bereken die Koste van verkope vir die jaar geëindig 31 Januarie 2025. (5)

1.2.3 Amelia wil weet hoe gereeld die staanklitsers gedurende die jaar aangevul is. Gebruik die voorraadomsetsnelheid om jou antwoord te ondersteun. (4)

1.2.4 **Verwys na inligting B**.

Amelia is bekommerd oor die staanklitsers. Identifiseer die groot probleem met betrekking tot ELKE produk. Haal syfers aan. Gee ’n geldige oplossing vir die probleem wat geïdentifiseer is. (6)

**Handklitsers:**

**Verwys na inligting C.**

1.2.5 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 31 Januarie 2025. (11)

1.2.6 Is die geweegde-gemiddelde-metode gepas om die handklitsers te waardeer? Verduidelik EEN punt. (3)

1.2.7 Amelia vermoed dat van die handklitsers gesteel word ten spyte van sekuriteitskameras wat geïnstalleer is en die implementering van behoorlike verdeling van pligte.

a) Verskaf ’n berekening om haar vermoede te verifieer. (4)

b) Wat kan Amelia doen om die interne beheer van voorraad te verbeter? Noem TWEE punte. (2)

**INLIGTING:**

**A) Staanklitsers:**

**Voorraad op 1 Februarie 2024:**

| MODEL | EENHEDE | KOSPRYS PER EENHEID (R) | TOTAAL (R) |
|---|---|---|---|
| Kenwood Mix | 18 | 6 200 | 111 600 |

**Totale aankope:**

| MODEL | EENHEDE | KOSPRYS PER EENHEID (R) | TOTAAL (R) |
|---|---|---|---|
| KitchenAid | 27 | 14 100 | 380 700 |

**Terugsendings:** 3 KitchenAid klitsers is aan die verskaffer teruggestuur vir ’n volle terugbetaling.

**Verkope:**

| MODEL | EENHEDE VERKOOP | TOTALE VERKOPE (R) |
|---|---|---|
| Kenwood Mix | 12 | 104 160 |
| KitchenAid | 15 | 296 100 |
| | **27** | **400 260** |

**B) Voorraadrekords van die staanklitsers:**

| | Kenwood klitsers | KitchenAid klitsers |
|---|---|---|
| **Winsopslag %** | 40% | 50% |
| **Winsopslag % behaal** | 40% | 40% |
| **Verkoopprys per eenheid** | R8 680 | R19 740 |
| **Verkope** | 12 | 15 |
| **Bruto wins** | 29 760 | 84 600 |
| **Voorraadhoudingstydperk** | 365 dae | 219 dae |

**C) Handklitsers:**

**Voorraadsaldo's volgens die fisiese opname:**

| | EENHEDE | KOSPRYS PER EENHEID (R) | TOTAAL (R) |
|---|---|---|---|
| 1 Februarie 2024 | 45 | 750 | 33 750 |
| 31 Januarie 2025 | 18 | ? | ? |

**Aankope:**

| DATUM | EENHEDE | KOSPRYS PER EENHEID (R) | TOTAAL (R) | VRAGGELD OP AANKOPE |
|---|---|---|---|---|
| April 2024 | 35 | 550 | 19 250 | 10% van die koste |
| Junie 2024 | 45 | 650 | 29 250 | |
| Desember 2024 | 30 | 800 | 24 000 | |
| | **110** | | **72 500** | |

**Terugsendings:**

Vyf defektiewe handklitsers van die aankope in Junie 2024 is aan die verskaffers teruggestuur vir 'n volle terugbetaling.

**LET WEL:** Vervoer op aankope is nie terugbetaalbaar nie.

**Verkope:**

129 handklitsers is teen R950 elk verkoop.

**[45]**

## VRAAG 2: DEBITEUREVERSOENING, OUDERDOMSONTLEDING EN BTW
**(35 punte; 30 minute)**

### 2.1 DEBITEUREVERSOENING

Inligting uit die rekords van Octonauts (EDMS.) BPK. vir Desember 2024 word aangebied. Sommige foute en weglatings is opgemerk.

**GEVRA:**

2.1.1 Bereken die korrekte Debiteurekontrolesaldo op 31 Desember 2024. Toon syfers en dui '+', '-' of 'Geen verandering' met ELKE aansuiwering aan. (7)

2.1.2 Bereken die korrekte totaal van die debiteurelys op 31 Desember 2024. (10)

**INLIGTING:**

**A) Saldo's op 31 Desember 2024 voor foute en weglatings:**

(i) Debiteurekontrole, R38 550

(ii) Debiteure lys:

| | **DEBIET** | **KREDIET** |
|---|---|---|
| K. Kwazii | R8 550 | |
| P. Peso | R16 650 | |
| D. Dashi | | R2 850 |
| B. Barnacles | R23 850 | |
| | **R49 050** | **R2 850** |

**B) Foute en weglatings:**

(i) Geen inskrywing is gemaak vir 'n kredietverkoopfaktuur wat aan D. Dashi vir R2 250 uitgereik is nie.

(ii) 'n Bedrag van R4 650, ontvang van K. Kwazii, is verkeerdelik as R1 950 in die KOJ aangeteken en so na die Algemene Grootboek en Debiteuregrootboek oorgeboek.

(iii) Die totaal van die Debiteurejoernaal is met R4 050 onder bereken.

(iv) Rente van R525 moet op die agterstallige rekening van P. Peso gehef word.

(v) Handelsvoorraad wat deur B. Barnacles teruggestuur is, is aan die verkeerde kant van sy Debiteuregrootboekrekening, R1 800, oorgeboek.

## 2.2 DEBITEURE-OUDERDOMONTLEDING.

Die inligting hieronder hou verband met Gabby's Pophuis Handelaars. Krediettermyn is 30 dae.

**GEVRA:**

2.2.1 Verduidelik hoe 'n debiteure-ouderdomsontleding kan help met interne beheer oor debiteure. (2)

2.2.2 Bereken die persentasie van totale skuld wat die krediettermyn oorskry. (4)

2.2.3 Verduidelik EEN probleem, met syfers, met betrekking tot ELK van die volgende debiteure:

a) Pandy Paws (2)

b) Kitty Fairy (2)

**INLIGTING:**

**A) DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING OP 31 MEI 2025.**

| | KREDIET LIMIET | BEDRAG VERSKULDIG | HUIDIGE MAAND | 30 DAE | 60 DAE | 90 DAE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | R | R | R | R | R | R |
| Pandy Paws | 15 000 | 17 700 | 2 970 | 14 730 | | |
| Cakey Cat | 21 000 | 20 175 | 6 150 | 5853 | 8 172 | |
| MerCat | 4 200 | 3 825 | | 3 825 | | |
| Kitty Fairy | 21 000 | 16 788 | | | 13 668 | 3 120 |
| Carlita | 7 500 | 3 912 | 2 112 | 1 800 | | |
| | | **62 400** | **11 232** | **26 208** | **21 840** | **3 120** |
| | | **100%** | **?** | **?** | **?** | **?** |

## 2.3 BTW

Die inligting hieronder hou verband met EXTINCT (EDMS.) BPK. vir hul twee maande BTW-tydperk geëindig op 28 Februarie 2025. Alle items is onderhewig aan 15% BTW.

**GEVRA:**

Bereken die bedrag betaalbaar aan of ontvangbaar van SAID vir die BTW op 28 Februarie 2025. Dui aan of die bedrag ontvangbaar of betaalbaar is. (8)

**INLIGTING:**

**A.** Bedrag verskuldig aan SAID vir Januarie 2025, R21 375.

**B.** Besonderhede ten opsigte van BTW vir Februarie 2025:

| BESONDERHEDE | BTW UITGESLUIT | BTW | BTW INGESLUIT |
|---|---|---|---|
| Debiteure se rekening afgeskryf | R14 500 | | |
| Totale verkope | | | R494 500 |
| Goedere aangekoop | R277 500 | | R319 125 |

**[35]**

## VRAAG 3: BEGROTINGS (30 punte; 20 minute)

### 3.1 JUNGLE BUNCH HANDELAARS

Jy word voorsien van die inligting wat verband hou met Jungle Bunch Handelaars, wat deur Batricia Gilbert besit word.

**GEVRA:**

3.1.1 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur (a) tot (e) in die Kontantbegroting vir Julie en Augustus 2025. (15)

3.1.2 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Augustus 2025. (8)

3.1.3 Bereken die persentasie toename in diverse uitgawes. (3)

3.1.4 Batricia het haar diverse uitgawes ondersoek. **Verwys na inligting I**, en verduidelik hoekom sy sou voel dat hierdie uitgawes problematies/ voordelig vir die besigheid is. (4)

**INLIGTING:**

**A.**

| **'n Uittreksel uit die Kontantbegroting** | **JULIE 2025** | **AUGUSTUS 2025** |
|---|---|---|
| **KONTANTONTVANGSTE** | | |
| Kontantverkope | **(a)** | 356 400 |
| Ontvangstes vanaf debiteure | 190 190 | **?** |
| Huurinkomste | 12 600 | **(c)** |
| Lening: Maurice Bank | - | 252 000 |
| Kommissie-inkomste | 42 560 | 39 200 |
| | | |
| **KONTANTBETALINGS** | | |
| Kontantaankope van handelsvoorraad | **(b)** | 360 500 |
| Betaling aan krediteure vir vooraad | 45 290 | 39 550 |
| Salarisse en lone | 85 736 | 85 736 |
| Leningspaaiement | - | **(d)** |
| Rente op lening | - | **(e)** |
| Versekering | 3 164 | 3 164 |
| Onttrekkings | 25 200 | 25 200 |
| Afleweringskoste | 42 000 | 42 000 |
| Diverse uitgawes | 122 640 | 125 706 |
| | | |
| Bank: Eindsaldo | (105 420) | (62 860) |

**B.** Die besigheid het slegs een verskaffer. Kommissie van 8% van totale verkope is ontvangbaar in die maand wat volg op die verkope.

**C.** Kontantverkope beloop 60% van die totale verkope.

**D.** Totale verkope vir Junie 2025 was R532 000.

**E.** 10% van die handelsvoorraad word op krediet gekoop. Krediteure word ten volle betaal in die maand wat volg op die maand van aankoop.

**F.** Invordering van debiteure:

- 45% vereffen rekeninge in die maand van verkope en ontvang 5% korting.
- 50% vereffen rekeninge in die volgende maand.
- Daar word voorsiening gemaak vir 5% oninbare skulde na 2 maande.

**G.** ’n Nuwe huurder het op die 15de Julie 2025 in een van die woonstelle ingetrek en was verplig om die helfte van die huur en ’n deposito gelykstaande aan 1 maand se huur te betaal. Die huurder het Augustus en September se huur in Augustus 2025 betaal.

**H.** ’n Lening, teen 12% rente p.j., sal op 1 Augustus 2025 aangegaan word. Die lening sal in 24 gelyke maandelikse paaiemente terugbetaal word wat op 31 Augustus 2025 begin.

Die rente op die lening is ook betaalbaar aan die einde van elke maand, vanaf 31 Augustus 2025. Rente word nie gekapitaliseer nie.

**I.** Ingesluit by diverse uitgawes:

<table>
<tr><th rowspan="2">Uittreksel van diverse uitgawes</th><th colspan="2">Julie 2025</th><th colspan="2">Augustus 2025</th></tr>
<tr><th>Begroot</th><th>Werklik</th><th>Begroot</th><th>Werklik</th></tr>
<tr><td>Advertensies</td><td>18 500</td><td>31 800</td><td>18 500</td><td>42 500</td></tr>
<tr><td>Herstelwerk en onderhoud</td><td>19 850</td><td>3 000</td><td>21 050</td><td>2 100</td></tr>
</table>

| | Junie 2025 | Julie 2025 | Augustus 2025 |
|---|---|---|---|
| **Totale verkope** | 532 000 | **?** | 594 000 |

**[30]**

## VRAAG 4: VERVAARDIGING (40 punte; 35 minute)

### 4.1 COCOMELON LAAN VERVAARDIGERS

Die volgende inligting hou verband met CoCoMelon Laan Vervaardigers, 'n klein besigheid wat poppe vervaardig. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2025 geëindig.

**GEVRA:**

4.1.1 **Verwys na inligting C**.

Bereken die direkte arbeidskoste. (9)

4.1.2 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025 op. (17)

**INLIGTING:**

**A.**

| **Saldo's** | **28 Februarie 2025** | **29 Februarie 2024** |
|---|---|---|
| Grondstof voorraad | 87 840 | 56 400 |
| Werk-in-proses voorraad | **?** | 213 000 |

**B. Grondstowwe:**

- Aankope van grondstowwe vir die finansiële jaar het R832 500 beloop.
- Beskadigde grondstowwe ter waarde van R31 500 is aan verskaffers teruggestuur.

**C. Direkte arbeid:**

| | |
|---|---|
| Aantal fabriekswerkers | 6 |
| Normale tyd verwag per werker per jaar | 1 960 ure |
| Normale tarief per uur | R135 per uur |
| Bonusse aan werkers | 15% van normale lone |
| **LET WEL:** Een werker het net 1 680 ure gewerk en 'n laer bonus van R18 219 ontvang. | |

**D.** Die onderneming het 48 500 eenhede teen 'n koste van R67,50 elk geproduseer.

**E.** Die volgende inligting is op 28 Februarie 2025 bereken.

| | R |
|---|---|
| Direkte materiaal koste | **?** |
| Direkte arbeid | **?** |
| Fabrieksbokoste (**Sien inligting F**) | 702 675 |
| Verkoop- en verspreidingskoste | 914 775 |
| Administrasie koste | 665 925 |
| Produksiekoste van klaarprodukte | **?** |

**F.** Die volgende items moet in ag geneem word:

- Administrasiekoste sluit die jaarlikse versekeringspremie van R73 125 in. Dit moet in 'n verhouding tussen die fabriek, administrasie en verkope toegedeel word 4 : 3 : 2.
- Fabrieksbokoste sluit die volle huuruitgawes in, R54 450, maar 30% was vir die kantoor.

## 4.2 MIGHTY PUPS VERVAARDIGERS

Hierdie besigheid vervaardig hommeltuie vir kinders. Die finansiële jaareinde is 30 April 2025.

**GEVRA:**

4.2.1 Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 30 April 2025. (5)

4.2.2 R. Rider, die eienaar, is bekommerd oor die produksievlak in 2025. Verduidelik of hy bekommerd moet wees of nie. Verskaf syfers. (3)

4.2.3 Gee TWEE redes vir die toename in direkte materiaalkoste. Stel EEN manier voor om hierdie koste te BEHEER. (6)

**INLIGTING:**

**A. Totale veranderlike koste:**

| | **30 April 2025** | | **30 April 2024** | |
|---|---|---|---|---|
| | **Totaal** | **Eenheids-koste** | **Totaal** | **Eenheids-koste** |
| Direkte materiaal | 121 500 | R270 | 124 320 | R222 |
| Direkte arbeid | 170 100 | R378 | 204 960 | R366 |
| Verkoop en verspreiding | 97 650 | R217 | 114 240 | R204 |
| | **389 250** | **R865** | **443 520** | **R792** |

**B. Vaste koste:**

| | **30 April 2025** | **30 April 2024** |
|---|---:|---:|
| Fabrieksbokoste | 100 800 | 131 040 |
| Administratiewe koste | 77 490 | 106 680 |

**C. Bykomende inligting:**

| | **30 April 2025** | **30 April 2024** |
|---|---|---|
| Totale verkope | 573 300 | 696 640 |
| Verkoopprys per eenheid | R1 274 | R1 244 |
| Eenhede vervaardig en verkoop | 450 eenhede | 560 eenhede |
| Gelykbreekpunt | **?** | 525 eenhede |

**[40]**

**GROOTTOTAAL: [150]**

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSER FORMULEBLAD | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedrysbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedrysbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Nie- bedryfslaste **:** Aandeelhouersekwiteit |
| (Handels- en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwiteit}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwiteit + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersekwiteit}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Interim dividende}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividend per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto wins na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopsprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**NOTA:**

* In hierdie geval, as daar ’n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende ’n finansiële jaar is, word die geweegde gemiddelde aantal aandele in die praktyk gebruik.

© SACAI KOPIEREG